# Les 10: Bekering en vergifnis

## A. ’n Oproep tot bekering

1. Lees Markus 1:14-15, Matteus 3:1-2, Handelinge 2:38. Wat het al hierdie oproepe in gemeen?
2. Wat is bekering?
3. Waarom het Jesus sy dissipels beveel om ’n boodskap van bekering en vergifnis van sondes in sy Naam aan al die nasies te verkondig? Romeine 3:23, 2 Petrus 3:9
4. Wanneer het jy die eerste keer bewus geword dat jy ’n sondaar is en dat jy jou van jou sondes moet bekeer?
5. Sommige mense bekeer hulle uit vrees. Wat kan ons leer uit die getuienis van die apostel Paulus aan die Christene in Rome? Romeine 2:4
6. Wie oortuig ons van die behoefte om ons van ons sondes te bekeer? Johannes 16:7-8
7. Is bekering ’n eenmalige gebeurtenis, of sal ons meer as een keer in ons lewens moet bekeer? 1 Johannes 2:1
8. Wat is die verskil tussen opregte bekering en spyt oor die negatiewe gevolge van ons sonde? Matteus 3:8, Spreuke 4:14-15, ens.
9. Waar sien jy opregte bekering geopenbaar in Dawid se gebed nadat hy egbreuk met Batseba gepleeg het? Psalm 51:1-11
10. Watter lesse kan ons oor opregte bekering leer uit Jesus se gelykenis van ’n Fariseër en ’n tollenaar? Lukas 18:9-14
11. Hoe het jou begrip van bekering verdiep namate jy in jou verhouding met God gegroei het? (sondes van doen en late)
12. Wat is die verhouding tussen bekering en geloof in ons Here Jesus Christus? Handelinge 20:21

## B. Die gawe van vergifnis

1. Watter seëninge kom van God wanneer ons ware bekering ervaar en ons sondes bely? Handelinge 2:38, 3:18-19, 1 Johannes 1:9, ens.
2. Wat is jou getuienis oor die seëninge wat jy ervaar het toe jy opregte berou getoon en jou sonde bely het?
3. Hoe sou jy reageer op iemand wat sê: “Ek voel te skaam en onwaardig om vir vergifnis te vra”?
4. In Openbaring 7:13-14 sien ons ’n beeld van die verlostes wat in wit klere geklee is. Hoe het hulle hierdie volledige reiniging ervaar? (sien ook Matteus 22:1-14)
5. Watter beloftes uit God se Woord herinner ons daaraan dat Hy barmhartig is teenoor almal wat tot Hom roep vir vergifnis en reiniging? Psalm 103:8, Johannes 6:37, ens.